

Die plek en rol van bejaardes in die Bybel met spesifieke toepassing op die praktyk¹

Prof. dr. GDS Smit²

1 Inleiding

Van ons geboortedag af (selfs as ongeborene) word ons daaglik ouer. Ons is vandag ouer as gister. Ons sal môre ouer wees as vandag. Om te verouder is so normaal soos om asem te haal.

Die proses van veroudering laat egter by baie mense met reg vrae ontstaan, soos wat die waarde van bejaardheid is, asook wat die waarde van die bejaarde is as hy/sy nie ekonomies produktief kan wees nie? As agteruitgang, verliese, siekte, vernedering en uiteindelik die dood deel is van die menslike verouderingsproses, hoe kan 'n mens sy/haar waardigheid behou? Waar kom waardigheid vandaan? Wie bepaal die mens se waarde?

Of ons jonk is of oud, een-of-ander tyd sal hierdie soort vrae 'n impak op u lewe hê, as dit nie reeds het nie. In die lig van hierdie vrae behoort ons na die Skrif te luister om leiding te kry oor die bediening van die bejaarde in 'n snelveranderende wêreld.

2 Veroudering en die antieke samelewing

Voordat gelet word op die Bybelse beskouing van veroudering, word net kort opmerkings gemaak oor die beskouing van veroudering in die breër antieke Mediterreense kulture.

Arnett³ verwys na verskeie voorbeelde uit die antieke Midde-Ooste waarby die opvatting bestaan het dat net slegte mense jonk doodgaan. Die goeies, so is geglo, leef lank en gelukkig. Alhoewel ons ons nie met hierdie teologie vereenselwig nie, is daar tog belangrike dinge te leer uit die antieke mens se beskouing oor die waarde van bejaardes en die plek van bejaardheid in die samelewing.

2.1 Bejaardes neem leiding in die antieke wêreld voor die Romeine

In groot dele van die antieke samelewing het bejaardes nie status gehad omdat hulle dit noodwendig verdien het nie. Die status van die bejaarde word toegeken op grond van hulle ouderdom. Die antieke samelewing het die bejaarde nie beskou as 'n onproduktiewe minderheid nie, maar hulle is aktief deur die jonger meerderheid gebruik om toe te sien dat orde en dissipline in die samelewing gehandhaaf word. By verskeie antieke Mediterreense volke het multi-sibberegerings ("clans") die rol van die formele regering vervul, met die

¹ Referaat gelewer by 'n Gerontologie-kursus wat aangebied is deur die AP Akademie, 2014.

² Hoof van die Departement Nuwe Testament by die Afrikaanse Protestantse Akademie.

³ Arnett, WS. 1985. "Only the Bad Died Young in the Ancient Middle East" in *The International Journal of Aging and Human Development*, vol 21, 155-160.

oudstes van die stad of gemeenskap as die leiers van die sibbes⁴. Die oudstes was ook die mees geskikte onderhandelaars in tye van konflik en oorlog namens die volk. Die oudstes was gereken as buitestaanders, mense wat buite die tussengevegte tussen stamme of volke gestaan het – hulle was nie direk betrokke by die oorlog nie – en kon gevolglik dien as objektiewe bemiddelaars, verteenwoordigers of regters. Bejaardes het veral in die Semitiese volke se geskiedenis 'n besondere rol gespeel. Dít het nie alleen aan die bejaarde 'n spesifieke doel en funksie in die samelewing gegee nie, maar het ook wetteloosheid in die samelewing voorkom⁵. Ongelukkig is die bejaardes ook dikwels in die proses verantwoordelik gehou vir hulle raad en dus as die probleem opgelos is, of selfs uitrafel, het die bejaarde maklik vir sy lewe daarvoor geboet.

In die drie eeue voor Christus, het bejaardes (of oudstes) 'n definitiewe rol in die politieke- en ekonomiese vooruitgang in China, Sparta, Griekeland en Rome gespeel⁶.

2.2 Die Romeine heg nie groot waarde aan die bejaarde nie

Teen die tweede eeu voor Christus, met die opkoms van die magtige Romeinse Ryk het die rol van die oudstes in die samelewing drasties begin verander. Die Romeine het in grootliks die tradisionele regeringsvorme van konings en oudstes kom vervang met die Senaatsregering. Hier het oudste nie noodwendig 'n rol gespeel nie, tensy hy tot die senaat verkies sou word. Daar is nie bewyse dat die Romeine doelbewus bejaardes verstoot en geminag het nie, maar bejaardes het nie meer 'n aktiewe en definitiewe rol gespeel in die regering en/of konflikhantering van die samelewing nie⁷. In praktyk is veral arm bejaardes en weduwees dikwels met minagting behandel en selfs op besluit van die kinders is genadedood toegepas. Die Romeine het gereken dat daar geen rede is om 'n bejaarde se lewe te verleng as daar vir hom/haar geen rede is om te leef nie, of as hulle geen bydrae in die samelewing kan lewer nie, of siek geword het sonder hoop op genesing. Die Romeinse geskiedskrywer Plinius het selfs geskryf dat die vermoë van die mens om sy eie lewe te neem, en ander 'n "goeie dood" (genadedood) te laat sterf, is een van die grootste voordele wat die gode aan die mense gegee het in kontras met die diere⁸.

3 Veroudering en die Skrif

In skrilte kontras met die *utiliteitsleer* van die Romeinse heidene, wat slegs waarde heg aan die mens solank hy/sy bruikbaar is in die oë van die samelewing en ekonomiese bydraes

⁴ Vergelyk Deist, F.E. & Vorster, W. 1986. *Woorde wat ver kom*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, p. 179-181.

⁵ De Beauvoir, S. 1972. *The coming of age*. Putnam: New York, p. 85.

⁶ De Beauvoir, S. (a.w), pp. 213-215.

⁷ Vir 'n oorsig oor die beskouing van die antieke mens oor gerontologie, kan die volgende werk bestudeer word: Parkin, TG. 2003. *Old age in the Roman World: a Cultural and Social History*. John Hopkins University Press.

⁸ Dowbiggin, I. 2005. *A Concise History of Euthanasia: Life, Death, God, and Medicine*. Rowman & Littlefield Publishers, Inc.

lewer tot die welvaart van die samelewing, kom die Skrif met 'n besondere waardering vir die rol en die plek van die bejaarde in die samelewing.

Die Skrif gee vir ons verskeie invalshoeke vir 'n studie oor die waarde en die plek van die bejaarde in die samelewing. In die Ou Testament word melding gemaak van die fisiologiese veranderinge waarmee die bejaarde moet rekening hou (1 Konings 14:4; 2 Samuel 19:35; Prediker 12:1-5; Sagaria 8:4); die ouderdom word as metafoor vir wysheid gebruik (Deuteronomium 32:7; Job 12:12); die eer van die bejaarde word hoog op prys gestel (Eksodus 20:12; Levitikus 19:32); die bediening van die bejaarde word beveel (Josua 13:1, 14:10; Psalm 92:14; Joël 2:28). Ouderdom word ook beskou as 'n normale deel van die lewensiklus (Psalm 90:10; Jesaja 46:4). Die Nuwe Testament fokus veral op die verantwoordelikhede van die gesin teenoor die bejaarde (Mark. 7:1-13; Matteus 15:1-6; 1 Timoteus 5:8; Jakobus 1:27); die noodsaaklike agting vir die bejaarde (1 Timoteus 5:1-2) en die noodsaaklike voorbeeld van die bejaarde (Titus 2:2-3). Van Christene word verwag om veral die weduwees te versorg (Handelinge 6:1-7); en 'n bejaarde kan ook instrumenteel wees in die opvoeding en geloof van kinders (2 Timoteus 1:5).

3.1 Bejaardheid kan 'n bewys wees van God se guns

Die Skrif beskou bejaardheid en die teenwoordigheid van bejaardes in die samelewing as 'n besondere teken van God se guns. Hulle simboliseer vrede vir die gelowige mens want sonder vrede sal die mense nie oud kan word nie.

Bejaardheid word in direkte verband met God se guns gebring, juis omdat bejaardheid nie 'n gegewe feit of waarborg in die antieke wêreld was nie. Trouens, nie baie mense het baie oud geword in die tyd van die Ou- en Nuwe Testamente nie. As gevolg van swak higiëne, primitiewe mediese kennis, voortdurende oorloë en opstande en natuurlik ook hongersnood was die lewensverwagting eintlik baie laag, gemeet aan moderne standaarde. Vir mans was die lewensverwagting in die tyd van die Ou- en Nuwe Testament onder 40 jaar en dié van vroue slegs sowat 45 jaar.

Daar is egter in die Bybel verskeie voorbeelde van mense wat tog baie ouer geword het⁹. Veral hiërdie persone, byvoorbeeld Abraham, Moses en Josua, word in die Skrif as besondere voorbeelde van gelowige- en geseënde mense voorgelê, en hulle ryple ouderdom dien as bewys hiervan¹⁰.

⁹ Abraham het byvoorbeeld 175 jaar oud geword, Josua het 110 jaar oud geword en Moses 120 jaar, terwyl hy nog sterk was (Deut. 34:7).

¹⁰ Vergelyk Deuteronomium 5:33.

3.2 Die normale lewe loop uit op bejaardheid

Alhoewel baie mense vroeg gesterf het in die antieke wêreld, beskou die Skrif bejaardheid nie alleen as 'n bewys van God se guns en genade nie, maar ook as deel van die “normale” lewensiklus van die mens. Die mens behoort dus te verwag om oud te word. Om oud te word, word ook nie as 'n las of straf beskryf nie, maar as goed. In Genesis 25:8 lees ons van Abraham: *“Abraham het die asem uitgeblaas en in goeie ouderdom gesterwe, oud en afgeleef...”* en in 1 Kronieke 29:28 oor Dawid: *“En hy het in goeie ouderdom gesterwe, afgeleef, vol rykdom en eer...”*¹¹

3.3 Bejaardheid is die belofte wat gemaak word aan kinders wat hulle ouers eer

Die belangrikste gebod in die tweede tafel van die Wet handel oor menseverhoudinge en die vyfde gebod in besonder oor die verhouding tussen kinders en ouers. In Eksodus 20:12 belowe God 'n lang lewe aan die kinders wat hulle ouers eer. Die belofte word herbevestig in 1 Konings 3:14 (*“En as jy in my weë wandel, deur my insettinge en my gebooie te onderhou, soos jou vader Dawid gewandel het, dan sal Ek jou dae verleng”*). Die Spreukedigter herinner die gelowige aan die koestering van wysheid en beklemtoon dat dit self die belofte van bejaardheid inhou (*“Grysheid is 'n sierlike kroon; dit word gevind op die weg van geregtigheid”* – Spreuke 16:31).

3.4 Bejaardheid simboliseer wysheid

Wysheid word in die Ou Testament op verskeie plekke in verband gebring met die belofte op 'n lang lewe. Let byvoorbeeld op die woorde in Spreuke 3:13, 15-16 - *“Gelukkig die mens wat wysheid gevind het, en die mens wat verstand verkry... dit is kosteliker as korale, en al jou kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie. In sy regterhand is lengte van dae, in sy linkerhand rykdom en eer...”*. Let ook op die woorde in Spreuke 9:10-11 - *“Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand. Want deur my word jou dae meer en word jare van lewe vir jou toegevoeg”*.

3.5 Die bejaardes het die verantwoordelikheid om die jonges te lei en 'n voorbeeld te stel

Die Skrif dra dikwels die verantwoordelikheid om die groot dae van die Here aan die jonger geslagte oor te dra aan die ouers op. In Deuteronomium 32:7¹² gee die Here egter die

¹¹ Vergelyk ook Job 42:17.

¹² *“Dink aan die dae van die ou tyd, let op die jare, van geslag tot geslag; vra jou vader, dat hy jou dit bekend maak; die ou mense, dat hulle jou dit sê”*.

opdrag dat die ouers nie alleen die wonders van die Here aan die kinders moet vertel nie, maar dat die kinders die bejaardes moet vra om hulle daarvoor te onderrig. Die apostel Paulus dra ook hierdie verantwoordelikheid aan die bejaardes in die kerk op (Titus 2:3-4 – *“Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê...”*)

3.6 Bejaardes het die belofte dat God op hulle oudag met hulle sal wees

God gee nie alleen opdragte en verantwoordelikhede aan die bejaarde nie, maar die Skrif hou ook rekening met die feit dat die bejaarde spesifieke vrese in sy/haar lewe moet trotseer: die vrees vir siekte en verwerping en selfs ook die vrees vir die komende dood. In die lig hiervan gee die Woord vir die bejaarde besondere beloftes (Jes. 46:3-4 - *Luister na My, o huis van Jakob en die hele oorblyfsel van die huis van Israel, julle wat deur My gedra is van die moederskoot af, opgeneem is van die geboorte af; en tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red.*). Hy belowe dat Hy krag sal gee in tye van siekte en beproewing¹³ en dat Hy in die dal van doodskaduwee die Leidsman is, sodat die gelowige nie die dood hoef te vrees nie¹⁴.

3.7 Christus ontferm Hom oor die noodlydende

Dit is egter duidelik uit die Skrif dat die waarde van die menslike lewe nie in die ouderdom van die mens gesetel word nie, maar in die feit dat die mens na die beeld van God geskape is¹⁵. Dit beteken beslis nie dat die mens soos God lyk, of almagtig is soos God nie, maar dat die mens deel in die belangrikste kenmerk van God, naamlik die vermoë om lief te hê¹⁶. In die Bybelse beskouing van God se liefde teenoor die gevalle sondaar, wat sy hoogtepunt bereik in die versoening van Christus aan die kruis, word die opdrag aan alle mense gegee om mekaar lief te hê en ander met waardigheid en eer te behandel.

In Christus se besondere fokus op die uitgeworpenes in die samelewing, naamlik die siekes, kreupeles, weduwees en minderwaardiges, kom wys Hy die mens daarop dat daar ‘n baie edeler manier is om met mense te werk wat volgens die beskouing van die samelewing minder waardig is as om van hulle ontslae te raak. In Christus se benadering tot die noodlydende, kom wys Hy aan die kerk dat Christene die opdrag het om mekaar se laste te

¹³ Vergelyk 1 Petrus 4:1-2,19; Kolossense 1:24.

¹⁴ Vergelyk byvoorbeeld Romeine 8:38-39; 1 Korinthiërs 15:54-57; Openbaring 21:3-4

¹⁵ Genesis. 1:26-28.

¹⁶ Vergelyk 1 Johannes 4:16.

dra en dié te versorg wat deur die samelewing verwaarloos word. Dit geld dus ook die sorg van die bejaarde.

3.8 Bejaardesorg en die kerk

Bejaardesorg is in die lig van die Skrif ten diepste die taak van die kerk, wat spruit uit die liefdesmotief van God teenoor die gevalle sondaarmens. Die kerk kan nie - en mag nie - wegdeins van hierdie verantwoordelikheid om sorg te dra vir die bejaarde wat nie meer self kan sorg nie. So is ons gehoorsaam aan die opdrag van Galasiërs 6:2 om mekaar se laste te dra en so die wet (die liefdesgebod) te vervul¹⁷.

Die Skrif leer dat die Christelike gemeenskap 'n morele verantwoordelikheid het om sorg te dra vir hulle bejaardes. Derhalwe word dit al hoe belangriker om, waar 'n gebrek aan gestruktureerde bejaardesorg in kerke en in Christelike gemeenskappe bestaan, behoorlike gestruktureerde bedieningsmoontlikhede te ondersoek en in plek te stel. Dit vra noodwendig beleggings in infrastruktuur en arbeidskrag, maar behoort in die lig van die Skrif, nie as 'n las beskou te word nie¹⁸. Die Skrif gee in 1 Timotheüs 5:8 die opdrag om sorg te dra vir die huisgenote van die geloof (*“Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige”*) en in vers 16 van dieselfde hoofstuk lees ons dat individuele gelowiges besonderlik hierdie opdrag het sodat dit nie die laste van die gemeente te swaar laai nie: *“As 'n gelowige man of 'n gelowige vrou weduwees by hulle het, moet dié aan hulle hulp verleen; en laat die gemeente nie beswaar word nie, sodat dit die wat waarlik weduwees is, kan help”*.

Die Skrif leer ons verder om vriendelik en verdraagsaam te wees met die bejaardes in ons gemeenskap¹⁹ en hulle soos vaders en moeders te behandel. Verder behoort die gelowige die oue van dae te eer en versorg²⁰.

Daar kan egter nie alleen van kerke en Christelike instansies verwag word om die versorging van die bejaardes in die samelewing op hulle skouers te neem nie. Indien ons sou vra waar die primêre verantwoordelikheid vir die versorging van die bejaarde rus, sou die kinders van die bejaarde beslis nie hulle verantwoordelikheid op die staat of die kerk mag afskuif nie. Die beginpunt van die aardse verhouding tussen mense is in die gesin en in die lig van die Skrif is dit die kind se verantwoordelikheid om sy/haar ouers te eer. Dit is 'n morele plig wat kinders geleer moet word, naamlik dat hulle verantwoordelikheid behoort te neem vir die welwese van hulle bejaarde ouers. Dit is om hierdie rede gepas dat die belangrikste gebod in die

¹⁷ Sien ook in dié verband die kommentaar van Hendriksen op 1 Kor. 1:16 in Kistemaker, S. J. & Hendriksen, W. [1953](2001). *New Testament commentary: Exposition of the First Epistle to the Corinthians, Vol. 18*: New Testament Commentary 52. Grand Rapids: Baker Book House.

¹⁸ 1 Timoteus 5:8, 16.

¹⁹ 1 Timoteus 5:1-2.

²⁰ Levitikus 19:32; Spreuke 23:22.

tweede tafel van die Wet oor menseverhoudinge gaan en met die vyfde gebod ingelui word wat handel oor die verhouding tussen kinders en hulle ouers²¹. Tereg wys die apostel Paulus daarop dat die vyfde gebod die eerste gebod is wat gepaard gaan met 'n belofte – “*sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde*”²².

4 Enkele praktiese oorwegings in die lig van die Skrifgegewens en die praktyk

4.1 Die hoop op 'n lang lewe bied unieke uitdagings

Ons behoort dankbaar te wees dat ons 'n beter vooruitsig het op 'n hoër lewensverwagting as die geslagte voor ons. Ons leef in 'n tydperk in die geskiedenis van die mensdom waarin die menslike geslag gemiddeld ouer word as die vorige geslagte. Deur die millennia het 'n klein persentasie (sommige reken so min as 1%) van alle mense ouer as 65 geword, terwyl meer as 18% van die menslike geslag vandag ouer as 65 is. In 2001 was die getal reeds geraam op sowat 420 miljoen mense wêreldwyd wat ouer as 65 jaar is²³. Na raming sal sowat 21% van die wêreld se bevolking teen 2015 ouer as 65 wees²⁴.

Die veroudering van die samelewing, en die hoër lewensverwagting van mense, raak egter alle aspekte van die mens se sosiale en geestelike lewe waarmee die kerk rekening moet hou in die bediening van die bejaarde:

a) Ekonomies,

want finansiële voorsiening gemaak word vir meer jare se versorging ná aftrede. Baie bejaardes, hoe verantwoordelik hulle ook met hulle beplanning kon wees, het nie 40 jaar terug geweet dat die lewensverwagting van mense die afgelope dekades so sou verhoog nie en het gevolglik nie altyd voorsiening gemaak dat die pensioen so lank moes hou nie. Dit het die gevolg dat bejaardes dikwels baie jare na aftree-ouderdom moet aanhou werk om hul gesin te versorg.

Op sy beurt het die uitgerekte aftreedatum van baie bejaardes tot gevolg dat swaar druk geplaas word op die produktiwiteit van maatskappye wat al hoe ouer werknemers het en al hoe minder jongmense in diens neem. Deur die lang ure en werksverantwoordelikhede vol te hou, in 'n era van die mens se lewe waarin die kragte al hoe minder word, word swaar druk geplaas op die bejaarde en sy/haar gesin se tyd vir mekaar.

²¹ Eksodus 20:12.

²² Efesiërs 6:2.

²³ Kinsella, K & Velkoff, VA. 2001. *An Aging World – 2001. International Population Reports*. VSA Nasionale instituut op veroudering, pp. 9-11.

²⁴ Kinsella, K & Velkoff, VA. 2001. *An Aging World – 2001. International Population Reports*. VSA Nasionale instituut op veroudering, pp. 9-11.

Daar is verder groot druk op die beskikbaarheid van werksgeleenthede vir die jong mens wat die arbeidsmark moet betree, omdat al hoe meer senior werkers al hoe later die arbeidsmark verlaat.

b) Maatskaplik,

Staatsbeheerde ouerhuisse word gekenmerk aan gebrekkige dienslewering en is nie altyd volksgenote goedgesind nie. Privaat ouerhuisse is oorvol. Dié wat nie vol is nie, is peperduur. Kinders gebruik gewoonlik hulle gesinstyd, hulle vol program, lang werksure en privaatheid as verskonings om nie te help om hulle ouers te huisves nie. Bejaardes het dikwels nie 'n heenkome as hulle nie meer selfversorgend kan wees nie en word die prooi van uitbuiters wat beheer oor hulle pensioengeld eis om hulle te huisves, of die voorwerpe van mishandeling in inrigtings wat nie behoorlik opgeleide personeel het nie, of personeel wat nie die liefde van Christus in hulle werksverhoudinge ken nie.

c) Geestelik,

Die samelewing word nie alleen ouer nie, maar ook die kerk daarmee saam. Soos die kerk se lidmate ouer word, word die verwagting al hoe groter dat die kerk in die behoeftes en nood van die bejaardes sal voorsien. Dit plaas finansieel al hoe groter druk op die alimentasiewerk wat die kerk doen.

Geestelik plaas dit al hoe groter druk op die bedieningswerk in die gemeente, want bejaardes verwag meer tyd van die leraar en ampsdraers as die jonger deel van die gemeente. Gevolglik skeep ampsdraers makliker bejaarde lidmate af, omdat hulle dikwels self nie tyd het om behoorlike bediening aan hulle te gee nie.

d) Gesinne,

Kinders moet daarmee rekening hou dat hul ouers moontlik langer sal leef en gevolglik behoort hulle die nodige beplanning te doen om ondersteuning te bied indien en wanneer nodig. Die kerk behoort 'n prominente rol te speel om druk toe te pas op en opvoeding te gee aan gesinne om te besin oor die behoeftes van die bejaarde ouers en/of hulle nie moontlik die ouers in die huis kan inneem om hulle te versorg en by te staan in gehoorsaamheid aan die opdragte van die Skrif nie.

In verband met al hierdie soort moontlikhede merk Kinsella & Velkoff²⁵ tereg op: "*rapidly expanding numbers of older people represents a social phenomenon without historical precedent... [that] has various economic implications for individuals, families [and] public policy-makers*".

²⁵ Kinsella, K & Velkoff, VA (a.w), p. 9.

Ons kan egter nie 'n volstruis-tegniek toepas en maak of hierdie saak ons nie raak nie. In dié genoemde proses van die veroudering van die menslike geslag behoort die kerk, die staat en die individu in hul beplanning daadwerklik voorsiening te maak vir die behoeftes van die bejaarde en in besonder die bediening, versorging en ondersteuning van die bejaarde goed te struktureer. Of die kerk, die staat en die individu gerat is vir hierdie groot taak, bly 'n ope vraag en waarskynlik sal net die tyd ons leer, maar pro-aktiewe beplanning en voorsiening bly 'n groot verantwoordelikheid van elkeen van ons as individu in die lig van die Skrif, as kerk en as burger van die land.

4.2 Die plek en status van die bejaarde lyk beter as in die geskiedenis, maar naasteliefde ontbreek dikwels

Wat die status en plek van bejaardes in die samelewing betref, word daar vandag al hoe meer gedoen om bejaardes se kwesbare posisie in die samelewing te verbeter, wat prysenswaardig is. Maar om egter die teorie van die plek- en status van die bejaarde in die moderne samelewing alleen te skoei op sosio-politiese- en/of sosio-maatskaplike modelle soos dikwels vandag gedoen word, sonder inagneming van die Skrifbeginsels in dié verband, loop uit op 'n horisontale omgee-diens in plaas van 'n Bybelse naasteliefde.

Om dié rede is 'n Bybelse perspektief op die rol en die status van die bejaarde van onskatbare waarde vir die kerk en ander Bybelsgefundeerde instansies wat beplan om voorsiening te maak vir die behoeftes en probleme van die bejaardes in sy sorg. Net so min as wat bejaardesorg verstaan kan word, los van die eietydse sosiale-, politieke- en ekonomiese behoeftes, asook die probleme van die bejaarde, net so min kan ons dit verstaan as ons dit nie beskou in die lig van die Skrif en in besonder die histories-kulturele verband waaruit die Skrif op die bejaarde fokus nie.

4.3 Veroudering en die houding van die samelewing

Die bestudering van die verskynsel van veroudering beklemtoon noodwendig nie net positiewe sentimente soos die hoop op 'n lang en siektevrye lewe nie, maar belig ook negatiewe sentimente, byvoorbeeld die houding van die samelewing teenoor bejaardes.

In die praktyk sien mens die uitwerking van die negatiewe sentimente op verskeie terreine. Sommige is subtiel, soos werkgewers wat huiwerig is om ouer mense in diens te neem; swak dienslewering aan die bejaardes; gebrekkige bejaardesorg en –ondersteuningsdienste; selfs diskriminasie in die hospitaal as gevolg van die verswakte toestand van die bejaarde. Sommige is baie meer openlik, soos verbale emosionele aftakeling van die bejaarde deur hulle kinders; dalk fisiese aanranding deur gesondheidswerkers.

Dit laat in sekulêre kringe onwillekeurig vrae ontstaan oor die plek en die rol van die bejaarde en in besonder die waarde van die bejaarde vir die samelewing? In dié verband verwys Richmond²⁶ na sekere prominente sekulêre filosofiese etici, soos Joseph Fletcher, John Harris en Peter Singer wat die waarde van die mens geensins hoër ag as enige ander organisme op aarde nie. Vir hulle lê die waarde van die menslike lewe slegs in die selfbeskouing van die bejaarde – met ander woorde: heg die bejaarde waarde aan sy/haar eie lewe? - dan is daar waarde, en indien nie, is die lewe waardeloos²⁷. Hierdie is natuurlik 'n suiwer sekulêre beskouing oor die waarde van lewe en kan nie stand hou teen die beginsels van die Skrif nie. Die kerk behoort hierteen duideliker standpunt in te neem.

4.4 Die lewe is 'n verouderingsproses – aanvaar dit

Die Skrif leer ons daar is beslis nie rede om ouderdom of bejaardheid as probelematies te beskou nie, en tog is daar baie kulture sosiale-, ekonomiese- en godsdienstige vrae met betrekking tot bejaardheid en bejaardes.

Ons moet daarmee rekening hou dat almal van ons verouder en deur die genade sal ons dalk ook almal oud word. Uiteindelik sal ons sterwe – jonk of oud. Geen ekonomiese-, politieke- of maatskaplike vraagstukke en/of –ligpunte sal hierdie dilemma oplos nie – ons is verganklike mense. Met menslike beplanning kan ons probeer om deur die mediese wetenskap die lewe meer draaglik te maak, of selfs om lewe te verleng; deur ekonomiese beleggings kan ons probeer om sekuriteit te bied; deur maatskaplike inspanning kan ons poog om waardigheid te verleen aan die proses van veroudering, maar die lewe se natuurlike gang sal nie gestuit kan word nie – hiermee moet ons vrede maak.

Let byvoorbeeld op Levitikus 27. Wat baie opvallend is in hierdie hoofstuk is dat 'n man se waarde drasties verlaag as hy die onsigbare lyn van 60 nader. Van die jare 20-60, is 'n man se lewe 60 sikkels werd, maar die oomblik wat hy 60 word, word sy ekonomiese waarde gereken op 15 sikkels – 'n kwart van sy vorige ekonomiese waarde! Wat opval, is dat dieselfde tendens voorkom in die moderne besigheidsgedrewe wêreld, as wat meer as 3000 jaar terug plaasgevind het in die antieke wêreld: jou waarde in die oë van die samelewing neem af hoe ouer jy word. Dit sou dus baie naïef wees om te dink dat al die wette wat bejaardes beskerm en hulle regte verdedig, die samelewing se agting vir die bejaarde wesenlik gaan verander. Die mens sal dus moet vrede maak hiermee. Die kerk kan 'n positiewe rol speel om bejaardes te begelei in die proses van aanvaarding van hulle sosiale posisie.

²⁶ Richmond, DE. *A Biblical Perspective on Ageing and Old People*. Ongepubliseerde lesing gelewer in Auckland, p. 1.

²⁷ Hierdie benadering staan bekend as die *utiliteitsleer*. Hierdie sekulêre benadering heg slegs waarde aan iets as dit bruikbaar is.

4.5 Selfwaarde lei tot waarde vir die lewe

Kerke en geloofsgemeenskappe is gewoonlik op die voorpunt van betrokkenheid by iemand wat siek of sterwend is. Families wend hulle gewoonlik na die dominee of ouderling of mede-gelowige in tye van nood en dood. Kerke en geloofsgemeenskappe is gewoonlik ook gewillig om in hierdie tye bystand te verleen en te vertrouos vanuit die Woord. Die dominee is gewoonlik meer as bereid om in hierdie tye 'n gebed te doen vir die sieke of sterwende. Om hierdie rede maak dit sin dat die kerk die kwessie van die geestelike- en fisiese versorging van die bejaarde bespreek, beplan en bedryf.

Ons moet egter sensitief wees vir die probleme, vermoëns en tekortkominge van die bejaarde, anders kan ons in die poging om goed te doen, maklik moedeloos maak en die gevoel van waardeloosheid stimuleer. Cowgill & Holmes²⁸ het gepoog om algemene sosiale behoeftes met betrekking tot veroudering aan te toon. Hierdeur poog hulle om mense wat betrokke is by bejaardesorg sensitief te maak vir die feit dat die bejaarde se leefwêreld, vermoëns en vrese daadwerklik verskil van die res van die samelewing. Volgens hierdie studie is daar 'n algemene tendens by ouerwordende mense om eerder betrokke te raak by raadgewende funksies in die samelewing en om al meer te fokus op onderhouding van bestaande strukture eerder as uitgebreide produktiwiteit.

Hierin lê 'n besondere fokuspunt vir die kerk en sy bejaardesorg: om die waardigheid van die bejaarde te verbeter word die produktiwiteit van die bejaarde nie gemeet aan die res van die samelewing of gemeente nie, maar aan sy protuurgroep. Ons kan eerder die waarde en die rol van die bejaarde as raadgewer, geestelike vader/moeder en die lewenswysheid van die bejaarde beklemtoon – dit is die aspekte wat die Skrif in besonder onderstreep. So kan ons 'n positiewe bydrae lewer om die bejaarde se selfwaarde drasties te verhoog. As 'n bejaarde 'n positiewe selfwaarde het, kom dit sommer vanself dat hulle ook agting het vir die lewe en die geleentheid wat hulle nog gegun word, en waardeur hulle die genadegawes uit God se hand des te meer.

Ons kan in praktyk reeds 'n verskil maak: deur ons bejaardes beter te betrek by kerklike geleentheid; saamrygeleentheid te skep vir hulle wat nie meer self kan of wil bestuur nie; om die jeugaksie en die diakonie spesifiek betrokke te maak by die ouetehuse in die onmiddellike omgewing stel ons nie net belang nie, maar wys ons ook die liefde van Christus aan die huisgenote van die geloof. Op hierdie manier help ons nie net om bejaardes se waarde in hulle eie oë te verhoog nie, maar ook om die samelewing, en in besonder ons eie jeug, se persepsies oor die bejaardes positief te verander en bejaardes se besondere plek in die kerk te erken.

²⁸ Cowgill, D & Holmes, L. 1972. *Aging and Modernization*. New York: Appleton Press, pp. 4-6.

5 Samevatting

Die Christelike bediening kan nie die versorging van die bejaardes buite rekening laat nie, want ons is immers na die beeld van God geskape, en derhalwe geroepe om God en ons naaste innig lief te hê. Daarom gee Christus ook vir die bejaarde om (Matteus 25:31-46).

Die Bybel heg besondere waarde aan ouderdom en bejaardes. In 'n samelewing wat bejaardes dikwels beskou as 'n "oorlas" of sosiale probleem, behoort die kerk en die Bybelgetroue gelowige beslis meer te doen om die plek en die rol van die bejaarde as simbool van wysheid, seën en gehoorsaamheid te herbevestig in die lig van die Skrif.

Bejaardheid gaan gepaard met besondere voorregte, want nie almal het die voorreg om oud te word nie. Dit gaan ook gepaard met besondere verantwoordelikhede: om met dankbaarheid die gawe van lewe uit die hand van God te aanvaar.

Wat sou u verkies om te wees: 'n rot in 'n resies? 'n Muntstuk in die masjien van die samelewing? 'n Slagoffer van omstandighede? 'n Versamelaar van aardse goed? Of iemand wat in dankbaarheid vir sy/haar verlossing die liefde van Christus uitleef? Deuteronomium 30:26 leer: kies die lewe, nie die dood nie.

-----XXX-----